

Die eerste uitgawe van 2026 van *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* bevat vier navorsingsartikels en twee resensies. Hoewel dit nie 'n temaanommer is nie, is dit opvallend dat drie van die artikels op die een of ander wyse verband hou met taalnasionalisme en/of beeldvorming, terwyl die vierde artikel op indirekte wyse die kwessie van taal binne 'n meertalige samelewing aanroer.

**Ulrike Burki** se bydrae gaan oor die verbeelding van 'n “Groot Nederland” wat in die era van die Eerste Wêreldoorlog in die Lae Lande posgevat het. Ook Suid-Afrika sou deel van hierdie Dietse stambroederskap uitmaak en Burki bespreek gevolglik die samestelling en verspreiding van EC Pienaar se bloemlesing *Dichters uit Zuid-Afrika* (1917) teen hierdie agtergrond.

Ook **Burgert Senekal** se artikel handel oor taalnasionalisme met spesifieke fokus op die destydse opkoms van Histories Afrikaanse Universiteite (HAU's) in die tyd toe Afrikaanse taalnasionalisme hoogty in Suid-Afrika gevier het. Hy vermeld voorts die latere agteruitgang van Afrikaans as onderrigtaal by hierdie instansies. Senekal fokus op (vandag bekend as) die Universiteit van die Vrystaat, Universiteit Stellenbosch, Noordwes-Universiteit, Universiteit van Pretoria en die Randse Afrikaanse Universiteit in sy bespreking.

**Reinhardt Fourie** se artikelonderwerp skakel miskien op 'n minder opvallende wyse met die onderwerp van taal(nasionalisme) en beeldvorming as hy die Afrikaanse skrywer Azille Coetzee se roman *In my vel* (2019) ondersoek. Waar verbande gelê kan word met hierdie tema, is die wyse waarop Coetzee se boek 'n soort “Diets-Afrikaanse witheid” probeer ondersoek ten opsigte van die wit Afrikaanssprekende se posisie teenoor die wit Nederlandssprekende.

Die artikel van **Kanja van der Merwe** hanteer uiteindelik ook taal binne 'n breër meertalige landskap, maar in hierdie geval die kwessie van tolking. Sy lewer in haar artikel 'n beroep op indirekte tolkaanleerstrategieë uit taalaanleerstrategieë vir prosesgerigte tolkopleiding.

Die twee resensies is geskryf deur **Jerome Coetzee** en **Hein Viljoen**. Coetzee bespreek HJ Pieterse se Afrikaanse vrye vertaling en beryming van die ikoniese Middelnederlandse teks, *Van den vos Reynaerde* (gebruik as inspirasie vir hierdie uitgawe se voorblad), as *Reinaard die vos* (2023). Viljoen ondersoek 'n navorsingsbron deur Ted Laros wat in 2025 verskyn het getiteld: *Litteraire rechtspraak: De zuivering van het literaire veld in Nederland*,

1945-1952. Soos Viljoen uitwys, is die onderwerp van die outonomie van die literêre veld wat in hierdie teks sentraal staan, steeds vandag relevant.

Ons spreek graag ons dank uit teenoor die teksversorger Annie Klopper en ons uitlegkunstenaar Christa van Zyl.

*Universiteit van Wes-Kaapland en  
Universiteit Stellenbosch*